# Embleme van die NG Kerk-familie[1]

## 1 Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika




1.1 Die "Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" (NGK in SA) is 'n verwarrende naam. Die NGK in SA is die amptelike naam van die Sinode van die NG Kerk in die Wes-Kaap. Dié sinode word dan ook dikwels die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland genoem.

1.1.1 Die NG Kerk se geskiedenis in Suidelike Afrika begin met die aankoms van die Nederlander, Jan van Riebeeck, aan die Suidpunt van Afrika op 6 April 1652. Hy moes in opdrag van die Verenigde Oost-Indiese Kompanjie 'n halfwegstasie na die Ooste vestig. So ontstaan die nedersetting aan die voet van Tafelberg en langs die Liesbeekrivier. 'n Fort, die Goede Hoop, is gebou. Met hom saam, bring Van Riebeeck ook die Christelike geloof. Een van die eerste dinge wat hy byvoorbeeld doen met sy aankoms aan die Kaap, is om in 'n openbare gebed die Here te dank en Sy seën te vra op die onderneming. En, omdat hy van Gereformeerde geloofsoortuiging was, word die Gereformeerde kerktradisie daarmee aan die Kaap gevestig.




1.1.2 In die volgende jare groei die Kaapse bevolking, eers met die styging van die getal kompanjiedienaars, ontslag van kompanjiedienaars (vryburgers), koms van weesmeisies en vroue uit die moederland, die invoer van slawe uit die Ooste en Afrika, vry swartes, politieke bannelinge, die vestiging van vry Asiate, die aankoms van die Hugenote en heelwat later deur die koms van die Britse Setlaars. Dit was veral die koms van die Hugenote, wat uit hulle land (Frankryk) gevlug het weens die vervolging wat hulle daar beleef het onder die Roomse Katolieke Kerk, wat die geledere van die Protestantse gelowiges versterk is. Die aantal gemeentes neem stadig toe en versprei met die trek van nedersetters na die binneland. Met die totstandkoming van die eerste sinode op 2 November 1824 was daar reeds 14 gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

1.2 Die presiese datum waarop hierdie amptelike seel van die NG Kerk in SA in gebruik geneem is, is moeilik om vas te stel. In 1930 se "JAARBOEK VIR DIE NED GER KERKE IN SUID-AFRIKA" is daar 'n hoofstuk (bladsy 67 en verder) oor die "Geskiedenis van die offisiële seëls van die Gefedereerde Kerke". Oor die Kaapse Kerk word as volg geskryf:

> "Wat nou betref die gebruik van 'n offisiële seël vir die Kaapse Kerk – daartoe is op die tweede sinode (1826) besluit. Die voorstel het as volg gelui: "*Op voorstel van den Eerw hr (Abraham) Faure werd de Actuarius Synodi (ds JC Berrangé) verzocht een Sigillum sinodale conform de Nederl Synode te doen vervaardigen waartoe de twede Commiss. Politiek de Weled. Achtbare heer RJ van der Riet het nodig zilver aanbood te zullen geven, alsmede het geen verder daartoe mogt vereischt worden. Zulks wierd met allen dank aangenomen, en de verdere effectuering gemelden Actuarius opgedragen, zyllende gem Sigillum dan ook als een gedenkteken blijven van den Gem Comm Politiek*".

[1] Vir die opskrif is die woord "embleem" gebruik. Ander praat van "logo", "kerkseel" of die "offisiële seël". Die spelling van "doopseel" is ook wisselvallig. Die Argief verkies die woord "doopseel", maar gebruik "seël" waar die oorspronklike brondokument dit so aangedui het.

Aan die "effectuering" (uitvoering) van die besluit is nie dadelik gevolg gegee nie – wat moontlik te wyte was aan die afsterwe in 1827 van die Actuarius, ds Berrangé.

In die Handelinge van die Sinode van 1852 staan dit te lees: "*Ds Van der Riet verklaarde dat hy gaarne zal volbrengen hetgeen hij in de Acta van die vroegere Synode gelezen had dat door wijlen zijnen grootvader was beloofd, dat in naam zijn grootvaders het zilveren Sigillum voor die Synode moge worden vervaardigd. De vergadering betuigde daarvoor haren hartelijken dank*".

In die Acta van die volgende Sinodes word niks verder oor hierdie saak vermeld nie - ook is daar geen dokumente in die Argief, sover bekend, waarop 'n Sigillum Synodale voorkom nie, sodat dit nie met sekerheid te bepaal is wanneer die seël eintlik vervaardig is nie. In hierdie verband dien vermelding dat daar by die Saakgelastigde 'n ou signet berus, met die betiteling: "Zuid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk", waarvan ons hier 'n afdruk gee.



Vroeëre Kerkseël.



Offisiële Kerkseël.

Sou dit die Sigillum Synodale wees? Dit kom volmaak ooreen met die teenswoordige offisiële Kerkseël. In die Kerkalmanak van 1885 kom dit vir die eerste maal voor, en onderaan staan: "Het eigenlijke Zegel der Ned Geref kerk, Kaapkolonie." In die Almanak van die volgende jaar en alle daaropvolgende jare is dieselfde seël afgedruk, dog met veranderde en korrekte naamaanduiding van die Kerk tw "Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afirka" ipv "Zuid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk." (Tussen hakies: Sou daar vadere gewees het wat teen die end van die vorige eeu geneig was om voorkeur te gee aan die naam Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk bo Nederduits Gereformeerde Kerk?)

**Offisiële Kerkseël (Vroeëre- en Offisiële Seël)**
Die Kerkseël gee 'n vrou te sien wat in haar regterhand die Bybel en in haar linkerhand 'n kruis hou. Sy is die verpersoonliking van die Kerk. Op haar skyn uit die hemel die Son der Geregtigheid. Naas haar brand daar 'n mensehart op die altaar, wat dus te kenne gee die liefde wat hom geheel en al aan God wy. Agter haar is 'n deel van 'n anker sigbaar, wat die sinnebeeld is van die hoop, waaraan die historiese naam Kaap de Goede Hoop laat dink.

Die geloof vind sy uitdrukking in die kruis wat in die linkerhand van die vrouebeeld gehou word; sodat in die seël al drie die deugde van 1 Kor 13 gesimboliseer word: "*En nu blijft geloof, hoop en liefde, deze drie; dog de meeste van deze is de liefde.*"

Op die agtergrond verhef hom die trotse Tafelberg, aan die voet waarvan die Kerk by die grondlegging van die Kolonie gestig is; en tussenin is die see, met die vaartuig daarop waarmee die godsdiens en die beskawing na Suid-Afrika gebring is. Nog bly daar een besonderheid te vermeld, wat by die eerste oogopslag enigsins verwondering baar. Op ’n wapenskild of seël pryk gewoonlik ’n leuse waarin uitdrukking gegee word aan doel en wens.

Ook in ons Kerkseël is sulk ’n leuse, wat gegraveer staan op die sy van die altaar te wete 1 Kor 14:40. En as ons die vers opslaan, dan vind ons dat daarin geen bede om ’n geestelike seën of ’n opwekking tot ’n sekere deugsbetragting vervat is nie, maar enkel die vermaning van die Apostel: “*Laten alle dingen eerlik en met orde geschieden*.” Maar ons vadere het reg gesien. Immers dit was, volgens Hand 9:31, toe die gemeentes vrede had, dat hulle gestig was en in die vrese van die Here en in die vertroosting van die Heilige Gees gewandel het. Waar wanorde is, kan geen seën wees nie.

1.3 Die logo het oor die jare dikwels klein veranderinge ondergaan. Ons kry nie besluite (of dan motiverings) waarom die embleem effens gewysig is nie.

1.3.1 Die vrouefiguur het byvoorbeeld heelwat gewig verloor en die rok se snit is dikwels gewysig!

1.3.2 Die anker langs die altaar het verdwyn in die embleem wat tans gebruik word.

1.3.3 Die brandende hart het ’n lamp of fakkel geword.

Die vermoede is dat die wysiging gekom het vanaf swak fotostatiese afdrukke en die eerste pogings om die kerkseel te skandeer met die oog op die gebruik deur rekenaars. Die swak voorbeelde wat hier gegee word, is hoe dit byvoorbeeld in 2003 se Kerkorde en 2011 se Agenda vir die sinodesitting verskyn het. Dié seel is algemeen gebruik deur gemeentes en in amptelike korrespondensie. In 2012 het die Argief pogings aangewend om die geskandeerde logo te verbeter. Die logo wat tans gebruik word, is deur Rossouw Minnaar op 27 April 2012 gedoen. Dit is in vektorgrafika gedoen, wat gelei tot veel duideliker drukwerk. Hy erken egter self dat hy glad nie die anker in die 2003 en 2011 weergawes gesien het nie. Hy het ook nie die fakkel as ’n brandende hart gesien nie. Die brandende hart is immers jare gelede al met ’n lamp verwar. Sien byvoorbeeld in 1.6 hier onder die VSB se embleem en verduideliking. Die fout(e) sal herstel moet word.








1.4 Elemente en die betekenis:

1.4.1 Tafelberg – Die berg dui die ligging van die sinode aan: die “Kaapkolonie” en deesdae die Wes-Kaap. Berge het egter ook ’n mooi geestelike betekenis. Psalm 125: 2 sê “Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd.” Die berg wil dus nie net die plek aandui nie, maar ook die beskerming van die Here.

1.4.2 See en Seilboot – Die seilboot vertel die verhaal van hoe die lidmate in die Kaap aangekom het. Saam met Jan van Riebeeck (1652) se koms, het die Bybel en die

Gereformeerde geloof na die nuwe kolonie gekom. Die koms van die Hugenote (sedert 1688) het die gereformeerde kerk verder gevestig. Die Hugenote was Franse gereformeerde gelowiges – mense wat vanweë hulle gereformeerde (ook protestantse geloof genoem) wreed vervolg is deur die Katolieke kerk. Die Hugenote het via Nederland na Suid-Afrika gekom.

1.4.3 Son – Die son word besonder duidelik aangetoon. Die vermoede is dat dit verwys na Maleagi 4: 2 wat praat van "die son van redding skyn met genesing in sy strale." Gereformeerdes glo dat dit verwys na Jesus Christus. Die Bybel, die Kruis en die Son vertel dus duidelik dat dit hier gaan om 'n kerk wat die verlossingsboodskap van Jesus Christus in Suid-Afrika wil verkondig.

1.4.4 Vrou – 'n Vrou word dikwels gebruik om die kerk te versinnebeeld. Daar word soms gesê dat God ons Vader is en die kerk ons Moeder. Die vrou versinnebeeld dus vermoedelik die kerk of die gemeentes.

1.4.5 Kruis – Die kruis is die simbool van die Christendom. Dit verwys na Jesus Christus se sterwe aan die kruis.

1.4.6 Die Bybel – Die Bybel staan sentraal in die Gereformeerde kerke. Die Gereformeerde Kerke gee aan die Bybel die hoogste gesag. 'n Kerkvergadering of 'n pous kan nie besluite neem wat die Bybel weerspreek nie. "*Sola scriptura*" (die Skrif alleen) is dus een van die hoekstene van die gereformeerde of protestantse belydenisskrifte.

1.4.7 Anker – Die anker is 'n simbool van vastigheid en hoop – ook 'n verwysing na die Kaap die Goeie Hoop.

1.4.8 Hart – Die mensehart wat op die altaar staan en brand is 'n teken van die liefde wat hom geheel en al aan God wy. Die anker (hoop), kruis (geloof) en hart (liefde) versinnebeeld gesamentlik 1 Korintiërs 13: 13: "En nou, geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"

1.4.9 Altaar – Die altaar is vermoedelik 'n rots en verwys na die Kerk as die rots. Dit verwys vermoedelik na Matteus 16:18 waar Jesus vir Petrus sê: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

1.4.10 Teks – Die teksverwysing is na 1 Korintiërs 14:40 wat in die 1983 Afrikaanse Bybel lees: "Alles moet egter gepas en ordelik geskied."

1.5 Die naam van die kerk vertel dan ook dat dit die "Nederduitse" (uit Nederland) Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was.

1.5.1 Aanvanklik was die Kaapse Sinode die enigste sinode van die NG Kerk. Maar as gevolg van verskeie redes ontstaan daar al meer sinodes buite die Kaapkolonie. So kry die Oranje-Vrystaat 'n eie sinode in 1864, Natal in 1865 en Transvaal in 1853. Pogings tot vereniging van die sinodes het na Uniewording in 1910 misluk, maar in 1962 is hierdie pogings uiteindelik suksesvol met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

1.5.2 Die oorspronklike kerk het egter deurgaans sy naam behou: Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

1.6 Die Vroue Sending Bond (VSB) – wat die NG Kerk in SA se embleem op hulle vaandel insluit – verduidelik hulle embleem as volg:

1.6.1 Tafelberg – Bakermat van die beskawing in Suid-Afrika

1.6.2 Skip – Koms van Jan van Riebeeck.
1652 – Jan van Riebeeck land in Tafelbaai. Evangelisasie van Afrika se miljoene heidene word oorgeplant op die skouers van die Protestantse kerk. Die begin van Sendingwerk. Sy gebed: "Mag U Koninkryk uitgebrei word, onder die wilde en brutale mense, tot eer en verheerliking van U Naam." Die skool wat hy geopen het tot opheffing van die Hottentotte (onder die bekwame leiding van sy swaer) was 'n totale mislukking. Die wilde nasie wou in geen skool op aarde stil sit nie - dit was tweede

natuur by hulle om in die vrye, ope lug rond te loop! Maar later het Van Riebeeck weer 'n skool gestig vir die slawe, wat toe juis in groot getalle na die Kaap aangebring was" (Na Vyftig Jaar 1889-1939) Die Hugenote se koms in 1688 het veel beteken in elke onderneming van geestelike aard onder Hottentotte en slawe. George Schmidt (1937) het uit Duitsland in 1737 hier aangekom in verband met die Morawiese Sending wat gestig is deur Graaf Zinzendorf. Genadendal - 'n Sendingstasie is deur hom begin en pragtig uitgelê met tuine en landerye en hy het die Hottentotte geleer om te werk. "Schmidt het gedoen in 'n paar jaar wat geen ander in vyftig jaar sou gedoen het nie; hy het waarlik 'n Hottentot geleer om te bid".




1.6.3 Die Vrou – Voorstelling van die kerk van Christus en die Bruid wat uit die kerk versamel sal word
1786 - Ds Helperus van Lier uit Holland aangekom in diens van die NG Kerk. Sy eerste preek: "geeneen is te dom of vol sonde om die evangelie aan te neem nie, geeneen is so goed dat hy die evangelie nie nodig het nie."

1.6.4 Die Kruis –Boodskap van verlossing wat tydig en ontydig verkondig moet word. "Christus en Hom gekruisig."

1.6.5 Die Bybel – "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad". Ps 119:105. Ges 55 – "God het ons Sy woord gegewe".

1.6.6 Anker – Anker van ons geloof. Heb 11:6. "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek".

1.6.7 Altaar – Altaar van toewyding en oorgawe: 1 Kor 14:40 "laat alles welvoeglik en ordelik toegaan."

1.6.8 Lamp – "Julle is die lig van die wêreld"

1.6.9 Son – Die Son van Geregtigheid

1.6.10 OPDRAG – "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" Mark 16:15

1.6.11 FAKKELS – "Laat julle lig so skyn ..."

1.6.12 DUIF – Die toerusting en salwing van die Heilige Gees: Hand 1:8; Sag 4:6; Ef 5:18.

## 2 Algemene Sinode

2.1 Aanvanklik was die Kaapse Sinode die enigste sinode van die NG Kerk. Maar as gevolg van verskeie redes ontstaan daar al meer sinodes buite die Kaapkolonie. So kry die Oranje-Vrystaat 'n eie sinode in 1864, Natal in 1865 en Transvaal in 1853. Pogings tot vereniging van die sinodes het na Uniewording in 1910 misluk, maar in 1962 is hierdie pogings uiteindelik suksesvol met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

2.2 Daar was natuurlik 'n groot debat – trouens die notule wys dat die debat 'n hele dag geduur het – oor die naam. Die logiese keuse vir die Algemene Sinode sou wees: die "Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika". Maar die Kaapse Sinode het vasgeskop: dit is hulle naam. Die Algemene Sinode moes bes gee en word nou net die "Nederduitse Gereformeerde Kerk" genoem.

2.3 Die logo van die Algemene Sinode of dan die Nederduitse Gereformeerde Kerk (sonder die "in Suid-Afrika") is 'n eenvoudige simbool van 'n kandelaar met sewe arms. Sewe word as die volle getal gesien. Openbaring 1: 20 sê: "*En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue lampe: die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes en die sewe lampe is die sewe gemeentes*." Die sewe arms is dus simbolies nie van letterlik sewe sinodes nie, maar van die "vol getal" van sinodes.

2.4 Die logo is intussen so 'n bietjie vernuwe en word deesdae ook in kleur gedruk. Die betekenis is egter onveranderd.

2.5 Die leuse "Een liggaam en een Gees" verwys na 1 Korintiërs 12: 13 Omdat ons almal **een liggaam** geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die **een Gees** deurdrenk.

2.6 Die duif is 'n teken of simbool van die Heilige Gees. Daar is verskeie verse in die Bybel wat hierdie beeld gebruik. Markus 1: 10 sê byvoorbeeld: "Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal."

2.7 Die Algemene Sinode bestaan tans (2016) uit die volgende sinodes:

2.7.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (in die omgangstaal bekend as die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland)

2.7.2 Sinode van Oos-Kaapland

2.7.3 Sinode van Noord-Kaapland

2.7.4 Sinode van KwaZulu-Natal

2.7.5 Vrystaat Sinode

2.7.6 Sinode van Wes-Transvaal

2.7.7 Noordelike Sinode

2.7.8 Hoëveld Sinode

2.7.9 Oostelike Sinode

2.7.10 Sinode van Namibië

2.8 Kerkseel

2.8.1 Agv 'n besluit van die Sinode (1962) het die Moderatuur dit aan mnr C Pama van Kaapstad opgedra om so 'n wapen of seël te ontwerp.

2.8.2 Die Seel soos afgebeeld wat nie die bestaande onderskeie wapens vervang nie, word by die Sinode aanbeveel. Die toeligting van mnr Pama wat die Seel vergesel, word hier bygevoeg.

2.9 Toeligting by die Kerkseel

2.9.1 Die gebruik van kerkseels gaan terug tot by die oudste gemeente van die Kerkhervorming. Onmiddellik na die Reformasie het die behoefte ontstaan om die uitgaande stukke van kerkgemeentes met 'n herkenningsteken van daardie gemeentes te waarmerk en die gebruik het tot vandag bly bestaan in die Nederlandse Kerk en die Kerke wat daaruit ontstaan het.

2.9.2 Die seels was almal betreklik eenvoudig en die voorstelling het verwys na Christus, na die inhoud van 'n Bybelteks of na 'n sakrament. Die betrokke teks is meestal in die randskrif vermeld en ook die naam van die gemeente het meestal daarop gestaan. Die simboliek en die inhoud van die seels moes gemaklik verstaanbaar wees, ook vir die eenvoudige lede van die gemeente en die randskrif is daarom maar selde in Latyn gestel, meestal in Nederlands. Daar is groot belang aan hierdie kerkseels geheg en sinodale en klassikale vergaderings het steeds die gemeentes aangespoor om tog toe te sien dat kerkseels aangeneem word. Die Nasionale Sinode van Den Haag van 1586 het reeds bepaal in sy 75e artikel:

*"Dengenen, die uit de gemeente vertrekken, sal een Attestatie ofte Getuigenis haars wandels meegegeven worden, onder den Zegel der Kerken, ofte daar geen zegel en is, van twee ondertekend."*

2.9.3 Ek verwys ook na Artikel 82 van die Dordtse Kerkorde. Die Klassis van Delft en Delfland het uitdruklik bepaal dat elke gemeente sy eie seel moet hê, en die Provinsiale Sinode van Seeland besluit in 1591 dat die seels van konsistories en kerke wat op stads- of landswapens lyk of Roomse Heiliges afbeeld, verander moet word. In die Nederlandse Calvinistiese kerke was dit steeds 'n seel wat aanbeveel is, nie 'n skild met 'n heraldiese wapen nie en gevolglik is daar maar min gemeentes wat 'n werklike wapen voer. In Skotland het dit veel meer voorgekom en daar bestaan in Skotland selfs 'n soort van Protestantse kerklike heraldiek. Suid-Afrika het egter in kerklike sake steeds die tradisies van die Nederlandse moederkerk gevolg en ek het my ontwerp daarom op daardie kerklike tradisie gebaseer.

2.9.4 Soos bekend was die Kaapse Kerk oorspronklik nie 'n onafhanklike Kerk nie, maar het net uit een gemeente bestaan. Hierdie gemeente aan Cabo de Goede Hoop het 'n eie seel gehad waarop 'n maagd staan wat 'n duif op haar hand hou en waarnaas 'n anker geplaas is. Hierdie seel het die baie toepaslike randskrif gedra: "De Hoop beschaamt niet." Toe daar ander gemeentes aan die Kaap ontstaan het soos Stellenbosch, Tulbagh, Wynberg e.d., het hulle almal die ou Nederlandse gewoonte van 'n eie kerkseel nagevolg. Aangesien die Kaapse Kerk onder die klassis van Amsterdam gestaan het, was daar nie 'n algemene seel vir die hele Kaapse Kerk nie.

2.9.5 Eerw. A. Dreyer skryf in die Jaarboek van 1930 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk dat die Tweede Kaapse Sinode in 1826 besluit het dat 'n "Sigillum Synodale" ontwerp moet word, in navolging van die seel van die Sinode van die Nederlandse Kerk. Dit is gedoen en daar is min verskil tussen die kerkseel van die Kaapse Nederd. Gereformeerde Kerk en die van die Nederlandsch Hervormde Kerk. Op albei staan dieselfde voorstelling, net die agtergrond van die Kaapse seel is anders, nl. 'n gesig op Tafelbaai en Tafelberg. Die Nederlandse seel het in 1816 in opdrag van Koning Willem I in gebruik gekom. Hierdie koning het ook voorgestel dat die Evangelisch Luthersche Kerk in Nederland dieselfde seel sou aanneem, net met 'n ander randskrif. Die merkwaardige toestand bestaan vandag dus dat die Nederlandsch Hervormde Kerk, die (Nederlandse) Evangelisch Luthersche Kerk en die Kaapse Nederd. Gereformeerde Kerk almal min of meer dieselfde seel gebruik. Toe later Nederduitse Gereformeerde Kerke in ander provinsies van ons land ontstaan het, het hulle eie seels laat ontwerp. Transvaal het die voorstelling van 'n anker geneem, Natal 'n duif en die Vrystaat 'n hand met 'n fakkel. Hoewel al die seels beskou word as kerkseels, was hulle waarskynlik oorspronklik bedoel as Sinodale seels en ek vra my af of die benaming Sinodale Seel nie beter in die Calvinistiese Protestantse tradisie pas nie. Veral nou dat die kerke verenig is, sal die naam Sinodale Seel waarskynlik beter wees as kerkseel om aan te gee wat bedoel word, want ek neem aan dat hierdie kerke tog 'n sekere mate van selfstandigheid in die nuwe kerkverband sal behou. Dit sal ook die moontlikheid skep vir nuwe sinodes wat miskien gevorm gaan word om hul eie seels aan te neem en so die ou tradisie voort te sit.

2.9.6 Uit bostaande volg dat by die ontwerp vir 'n nuwe kerkseel vir die (verenigde) Nederduitse Gereformeerde Kerk uitgegaan moet word van 'n toepaslike Bybelteks en dat dit inderdaad 'n seel en nie 'n skild met 'n heraldiese wapen moet wees nie. Ek het verskillende Bybeltekste oorweeg en ten slotte besluit dat Efesiërs 4: 3 die kortste en beste vertolking van die nuwe toestand gee. 'n Mens vind daar naamlik: EEN LIGGAAM EN EEN GEES. Die Suid-Afrikaanse kerke het mos meer as 'n eeu geworstel om daardie "een liggaam" te herstel juis omdat hulle eintlik altyd al "een gees" was. Hierdie teks moet dus op die randskrif van die seel staan, saam met die naam van die kerk: NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.

Die teks word van die naam geskei deur twee klein kruisies, wat ’n algemene Christelike simbool is maar wat in hierdie verband gene besondere betekenis het nie en meer as ornament bedoel is.

Wat die eintlike voorstelling op die seel betref, die Kerk van alle eeue is in die kerklike simboliek dikwels versinnebeeld deur ʼn sewearmige kandelaar. In die ou Testament vind ʼn mens daardie simboliek o.a. in Eksodus 37: 17-23 en Lev. 1-4, maar belangriker is miskien dieselfde simboliek in die Nuwe Testament in Openb. 1:13 en 20. Die Heilige Gees word in die kerklike simboliek meestal weergegee deur ʼn duif, ʼn verwysing na die doop van Christus. ʼn Mens kan hierdie duif op verskillende maniere voorstel. Die Natalse kerk het dit gedoen deur ʼn staande duif met ʼn takkie in die bek wat meer ʼn besondere vredesimbool is. Onder die Hugenote-kruis hang ook die duifie van die Heilige Gees en ek het daardie duif as voorbeeld vir die kerkseel geneem. In die Suid-Afrikaanse kerklike geskiedenis speel die Hugenote mos ʼn besondere rol en hoewel hierdie duif nie ʼn spesifieke simbool van die Hugenote was nie, maar aan die hele Kerk behoort het, kom op hierdie manier tog die verband met die Hugenote aan die lig. In die heraldiek en op seels is dit gebruiklik dat die eersgenoemde simbool in die bohelfte en die tweede in die onderhelfte van die skild of seelveld geplaas word en die plasing van die sewearmige kandelaar bo en die duif onder is dus heeltemal logies. Aan hierdie plasing van die figure kan ʼn mens egter ook nog ʼn diepere simboliese betekenis heg, nl. dat die sewearmige brandende kandelaar as’t ware op die duif rus en die Kerk dus sy voedingsbodem in die Heilige Gees vind.”

Die mening van mnr Pama is ook gevra ten opsigte van die moontlike vervanging van die Malteser kruisies met Hugenote kruise. Daarop het hy as volg geantwoord: “Wat betref die twee klein kruisies wat die naam van die kerk skei van die Bybelteks, hulle is geen Malteser kruisies nie. In die heraldiek noem ʼn mens hulle “breedarmige kruisies”, maar hulle is darem maar net kruisies. Wat wel ʼn Malteser kruis is, is die Hugenote-kruis. Hy verskil net in kleur van die Malteser kruis en die kenmerkende deel van die Hugenotekruis is daarom nie die eintlike kruis nie, maar die klein duifie van die Heilige Gees wat daar onder hang. Daardie duifie het ek in die ontwerp van die seel opgeneem en die Hugenote is deur daardie simbool dus ruimskoots in die nuwe seel verteenwoordig. Om die afskeidingskruisies te verander van breedarmige kruisies in Malteserkruisies, het dus eintlik geen sin omdat net die duifie sin aan die Hugenotekruis gee. Sonder die duifie is dit maar net ʼn Malteserkruis.”

2.10 Besluit van die Breë Moderatuur: Hierna het die Moderatuur besluit om die Algemene Sinode te versoek om hierdie Sinodale Seel amptelik te laat registreer by die Raad van Heraldiek. Die Breë Moderatuur het geen beswaar nie dat die Seel tot by die volgende Sinode gebruik kan word, onderhewig aan finale goedkeuring.

Bron: HANDELINGE VAN DIE TWEEDE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK GEHOU IN BLOEMFONTEIN OP DONDERDAG 13 OKTOBER EN VOLGENDE DAE; 1966

## 3 Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika / Uniting Reformerd Church in Southern Africa

3.1 Die kernsimbole van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) is die vuurtoring (simbolies van die lig van die Evangelie wat versprei word), die anker en die Woord.

3.2 Die Verenigende Gereformeerde Kerk is die ou NG Kerk in Afrika ("swart" mense) en die NG Sendingkerk ("bruin" mense) wat verenig het om die Verenigende Gereformeerde Kerk te vorm. Die NG Kerk in Afrika verstaan nie altyd Afrikaans nie. Die voertaal van die Verenigende Gereformeerde Kerk (by sinodesittings en ander vergaderinge van die kerk) het dus nou Engels geword. Die naam VGK kom al minder voor. Lidmaate praat van URCSA – die "Uniting Reformed Church in Southern Africa".

3.3 Die logo is dus 'n samevoeging van die ou NG Kerk in Afrika se embleem (die anker) en die NG Sendingkerk se embleem (die lighuis en die oop Bybel). Die strepe waaroor die strale van die lighuis se strale skyn, stel 'n tradisionele kombers of Afrika-karos voor. Die swartband rondom die logo het 'n opening in die vorm van 'n pyl wat anti-kloksgewys beweging aandui en die droom om verder te verenig. Die sirkel is met opset onvoltooid gelaat om daarmee aan te dui dat die eenheisproses nie voltooi is nie.

3.4 Die nuwe naam is doelbewus "Verenigende" genoem omdat die proses moet voortgaan om ook die NG Kerk (wit mense) en die Reformed Church in Africa (Indiërs) te verenig. Nie een van die kerke gebruik meer ras of kleur om die identiteit van die kerk te beskryf nie. Lidmaatskap is in elk geval oor en weer oop. Die NG Kerk het al heelwat gemeentes wat nie meer Afrikaans is nie en ook lank nie meer eksklusief "wit" is nie.

3.5 Pieter Fourie, Uitvoerende Hoof van die Bybel-Media Groep was direk betrokke by die ontwikkeling van die VGK SA se nuwe embleem. Hy skruf as volg oor die ontwikkeling van die embleem:

3.5.1 "Toe ons tydens die eenwordingsinode in 1994 bewus raak daarvan dat die eenwording beslis gaan gebeur, het iemand soos prof Jattie Bredekamp, wat toe voorsitter van die kommissie was waarvoor ek gewerk het, te wete die Kommissie vir Kommunikasie en Publikasies, gereken dat ons dadelik ná die eenwording iets aan die Sinode sou moes voorstel om simbolies die eenwording te verbeeld.

3.5.2 Patrick Parring, bekende sakeman van destyds, het ook die sinode bygewoon. Hy het kennis gedra van 'n maatskappy in Bellville wat sulke werk doen, aangesien hy hulle dikwels gebruik het. Ons is toe soontoe, en het 'n onderhoud met die grafiese kunstenaars gevoer. Hulle moes toe onder groot druk vinnig 'n logo produseer.

3.5.3 Die logo is aanvanklik slegs as interim-logo aanvaar. Later was daar 'n proses, en selfs 'n kompetisie, binne die kerk om daarop te verbeter. Maar daar het nie veel gebeur nie, met die gevolg dat 'n latere sinode uiteindelik die logo as die amptelike embleem van die VGK SA aanvaar het."

## 4 Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika

4.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) is die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir "swart" mense. Die NGKA in het die NG Sendingkerk verenig, maar 'n deel van die gemeentes het besluit om nie te verenig nie. Die NGKA bestaan dus steeds en is vandag steeds saam met die RCA, die VGK en die NGK in gesprek met die oog op kerkeenheid.

## 5 Reformed Church in Africa

5.1 "Die Reformed Church in Africa" (RCA) is die "Indiër" Nederduitse Gereformeerde Kerk.

*5.2* Die twee simbole in die embleem is die duif (Heilige Gees) en die Bybel. Die Heilige Gees lei die Kerk deur Woord en Gees. 1 Petrus 2:21 *"... deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."*

- o0o -